



Matteus 23:27-28

27 Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle is net soos gewitte grafte wat van buite wel fraai lyk, maar van binne vol doodsbene en allerhande onreinheid is.

28 So lyk julle ook van buite vir die mense wel regverdig, maar van binne is julle vol geveinsdheid en onregtigheid.

Psalm 119:97

97 Hoe lief het ek u wet; dit is my bepeinsing die hele dag.

Psalm 119:65

65 U het goed gedoen aan u kneg, HERE, na u woord.

Psalm 119:44

44 Dan wil ek u wet altyddeur onderhou, vir ewig en altyd,

Deuternomuim 30:14

14 Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen.